

Skriflesing: Psalm 1Teks: **Psalm 1:6**Sing- **VOORSANG: Ps. 92:1,6****TYDENS EREDIENS: Ps. 100:1,2,3; Ps. 32:1,4; Ps. 92:3,4; Ps. 1:1,4; Ps. 1:2,3****Psalm 1**

Psa 1:1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie;

Psa 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

Psa 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

Psa 1:4 So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi.

Psa 1:5 Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie.

Psa 1:6 Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.

Skriflesing: Psalm 1Teks: **Psalm 1:6**Sing- **VOORSANG: Ps. 92:1,6****TYDENS EREDIENS: Ps. 100:1,2,3; Ps. 32:1,4; Ps. 92:3,4; Ps. 1:1,4; Ps. 1:2,3**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om Psalm 1 se eerste woord te lees, in Hebreeus אֲשֵׁר

(*Ashrei*) is 'n besondere groot saak. *Welgeluksalig*, wat meer beteken as net om te sê *dit gaan*

goed ... Dit sluit dit ook in, maar besef ons in hierdie woord is opgesluit 'n tipe geluk, soveel

goedheid, soveel saligheid wat beslis nie net oor Psalm 1 handel nie. Letterlik beteken dit om

“vol van saligheid te wees” of om werklik “volkome geseënd te wees”. Dit is 'n woord wat

dwarsdeur die Bybel altyd in die meervoud staan ... dit gaan altyd oor meer dinge as net 'n

enkele saak. Hierdie is seëninge wat ons as gawe van God alleen moet beskou. So is die hele

Psalmbundel 'n volkome geseënde gawe van God. In dieselfde woord vertaal as

“*welgeluksalig*” of ook vertaal dat jy werklik gelukkig kan wees, of soos die '83-Vertl dit stel –

“dit gaan goed”, het die Hebreeuse woord die meer letterlike betekenis van iets of iemand wat

sukksesvol voortbeweeg. Jy loop 'n reguit lyn ... ja dit gaan om reguit vorentoe te gaan. Daar is

vordering in jou voortbeweging en dis mos maar eintlik waaroor die lewe gaan. Jy beweeg

vorentoe, jy moet tog kan vorder in wat God van jou verwag. So is Psalm 1 'n reguit vorentoe

beweeg, 'n beweeg met vordering na al die ander Psalms wat daar is.

Ja, die hele Psalmbundel, al 150 Psalms moet teruggevoer word na wat hierdie eerste Psalm se

eerste woord as inleiding tot al 150 Psalms wil wees. Psalm 1 begin met die woord

welgeluksalig en Psalm 150 is weer 'n slotwoord op al die Psalms. Die groot woord in Psalm

150 is *Halleluja*. Tussen die *Welgeluksalig* van Psalm 1 en die *Halleluja* van Psalm 150 is daar

148 ander Psalms wat met Psalm 1 verband hou maar wat ook nie wil los staan van die *Halleluja*

van Psalm 150 nie. Om van *welgeluksalig* tot by *halleluja* te vorder, is soos twee ankerpunte waar al die Psalms vêrder aan geanker wil wees. Aan die begin maar ook aan die einde. Dis hoe jou en my lewe ook eintlik moet wees. Om te mag vorder van 'n welgeluksalige bestaan tot waar ek ook vóór Christus maar ook oor Christus mag sê – *Halleluja ...*

Dwarsdeur gebeur daar baie ander dinge in die Psalms. Daar is vrae waarmee die gelowige worstel, daar is vrese, daar is onsekerheid, daar is ongelukkigheid, daar is baie tranes, daar is eensaamheid, daar is die gebrokenheid van die lewe, daar is baie aanvegtinge, daar is ook besondere groot dankbaarheid. Dink maar aan Galasiërs 5 as Paulus skrywe oor die vrug van die Heilige Gees, nl. *liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing*. Dit wat hierdie vrug in ons lewe beteken, daar is geen vrug van die Gees wat nie ook deur die Psalms aangeraak word nie.

Ek wil as dit die Here mag behaag 'n reeks rondom die Psalms in die gemeente begin. Mag ons by elke Psalm ontdek dat hier mag ek uitroep *welgeluksalig*, al is dit dalk 'n swaar Psalm, tog moet ons in Christus die saligheid in elk van die Psalms ontdek. Dit gaan in die Psalms om Christus en Wie Hy werklik is. Wie sy *welgeluksaligheid* ontdek is 'n ontdekking van saligheid wat niks anders is as die ontdekking en die verkondiging van Christus, ook as ons met die Psalms besig is nie.

Met die geluk wat ons saligheid uitspel mag ons ook by elke Psalm nie wil stilbly oor die *Hallelujas* wat daar in ons lewens moet wees nie. Ja, Psalm 150 se Halleluja wat by ons asem eindig tot die dag wat ek ook my asem uitblaas, mag ek bly sing, so lank my lewe is - *6 Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!*

As ons by die sleutel tot ons verstaan van spesifiek Psalm 1 ons dieper wil ingrawe dan gaan dit oor wat as laaste vers by die Psalm staan. Vers 6 - *6 Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan*. As hier staan dat *God ken die weg* dan gaan dit om baie meer as dat God net iets van ons af weet, of dat Hy wel alles van ons af weet. Dit gaan om 'n persoonlike kennis. Ja, die woord sluit in God gee spesiale aandag aan hulle wat geregverdig is. Dit is God wat jou en my lewe regeer. God se ken is 'n kennis wat

alles omvat. Dit is dinge wat vas is, wat God bepaal het hoe dit sal wees. God is nie 'n toeskouer wat net kyk hoe die dinge gebeur nie, maar as ons lees, *God ken die weg van die regverdige* dan weet God alles van hoe daardie weg sal lyk waarop die geregverdigde sal loop. Om dit te vertaal dat die Here lei die regverdiges op hulle pad is beslis deel van hierdie groot waarheid maar dit is 'n waarheid wat om nog 'n groter handeling, nog 'n groter openbaring van God handel.

Alles begin by die God wat in Christus oor Homself praat en dan is dit van Christus se grootste uitsprake wat in alles moet geld. Hy wat gesê het – *Ek is die weg, die waarheid en die lewe ...* (vgl. Joh. 14:6). Christus sê dit op van die mees dramatiese dae wat daar in sy lewe op aarde was, 'n dag vóór die kruis. Om Hom te mag hoor dat Hy die weg is, laat ons in Psalm 1 twee wee voor oë hou. Baie sal sê die lewe is ingewikkeld, dis meer ingewikkeld as net hierdie twee paaie. Maar dink maar weer mooi hieroor. Hoe is ons geneig om baie keer dit wat eintlik vir ons nie so ingewikkeld, so moeilik behoort te wees nie, om dit vir onself baie meer ingewikkeld te maak as wat dit is.

Die Psalm wil die goddelose mens, die wettelose mens, die mens wat sy pad weg van God se pad wil baan baie duidelik en vereenvoudig voor jou en my stel. Sien hom raak, of as ons later vandag by Sondag 2 van die Kategismus kom, is die vraag hoe sit daardie mens nie in my eie lewe vas nie. Die pad van die goddelose is 'n afdraande pad, maar dit is 'n pad wat die afdraandes eers net so effens begin afloop en dan word dit al erger. Eers net so entjie met die goddelose saamloop, gou verander dit en begin die mens al meer by wat goddeloos is, stil te staan. Voor jy jou kom kry, dan het my wandel en my staan 'n sit geword ... om werklik te gaan sit in die kring van die spotters. Die hoogste aktiwiteit van 'n goddelose is dikwels om te spot met wat vir die gelowige waardevol is, dit wat vir ons werklik heilig moet wees, daarmee dryf mense wat goddeloos so maklik en so lekker die spot. Spreuke 24 vers 9 beskryf die spotter as 'n *gruwel vir die mensdom ...*

Dit is kort en kragtig hoe die goddelose jou en my intrek maar weet hulle pad is die pad van die ewige dood. Dit is 'n ligsinnige tipe mens wat die kaf van die lewe hulle eie gewig uitspel. Kaf

wat die wind kan rondwaai en verstrooi, ja die kleinste windjie waai letterlik hulle lewens uitmekaar.

Die Psalm laat die goddelose in hulle eie dood agter, dis 'n pad wat vergaan, op die einde word dit 'n mens van die dood, die ewige dood, verskriklik dit wat die ewige dood alles insluit... *die weg van die goddelose sal vergaan*, is hoe die Psalm eindig.

As ons weer die sleutel van die Psalm opneem dan stel ons weer vers 6 as kern... *die HERE ken die weg van die regverdige ...* Of as ons dit dan ook vertaal as *die HERE lei die regverdiges op hulle pad ...* weet u broeder en suster, dan is jy deel van 'n ander vergadering. Ja, dan wil jy waarlik deel hê in die raad van God waar God se raad dikwels met 'n bepaalde vergadering verband hou, of soos ons dit Nuwe-Testamenties kan stel waar God vergader daar is God met sy ware Kerk besig, God is met sy kerk oppad. Hulle moet waarlik *welgeluksalig* wees, hulle moet die reguit lyne in die lewe kan trek. Die spotters het ook 'n vergadering, dit bemerk ons, die Psalm sê dit ook vir - so een wandel in die *raad van die goddelose* of die raad word 'n kring, 'n mens wat gaan sit in *die kring van die spotters*.

God se raad, daardie kring waarby ons moet uitkom het met water te doen en het met 'n boom te doen. Aanstons sal ons sien dit het ook met Sondag 2 van die Kategismus te doen. Net hierdie twee begrippe, God se water en wat God se boom moet wees, dra ontsaglike groot waarde en betekenis in wat God daarin verleen. Die Wet van die Here word so dikwels met water in verband gebring. Kyk maar na Deut. 32:2, ook Jes.55:1. As daar in Deut. 32 vers 2 staan- *2 My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou, soos sagte reëns op die grassies, soos reënbuie op die graan*. Sien u hoe God se Wet soos sulke water in jou lewe wil wees, maar dan gaan dit tegelyk ook oor jy wat vir God 'n boom moet wees. Die boom by die water is die mens wat by die Wet van God moet uitkom, is waar dit ten diepste oorgaan.

Dit bring vers 2 en 3 tot by die punt waar ons ook moet kom. Vers 2 gaan oor die Wet- Die mens wat *welgeluksalig* is, wat die reguit pad met voorgang loop, is die mens wie *se behae is in die Wet van die Here en hy oordink die wet dag en nag*. Dan bring vers 3 onmiddellik die boom en die water in verband. Die water die Wet, die boom is die mens ... *3 En hy sal wees soos*

'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. Opmerklik dat die waterstrome wat ons hier lees ons eintlik teruglei na Gen. 2, die begin van God se Woord waar God die tuin van Eden benat het nie net met 'n enkele rivier nie, maar dit is reeds 'n rivier wat sterk vloei met verskillende vertakkinge. Gen. 2:10- 10 *En daar het 'n rivier uit Eden uitgegaan om die tuin nat te maak; en daarvandaan is dit verdeel en het vier lope geword.* Uit hierdie vertakkinge gee Psalm 1 die regverdige 'n besondere staanplek, maar ook 'n besondere opdrag- Eers jou staanplek nl. jy is geplant by hierdie vertakkinge. Die Hebreus in hierdie woordjie geplant wys eintlik op 'n verplanting. Daar waar die boom eers gegroei het, groei hy nou nie meer nie. Hy groei nou waar God hom geplant het. Hiermee saam beteken die woord hierdie is nou 'n boom wat sy wortels diep die aarde kan laat ingroei. Dit dra vrugte op sy tyd, die blare bly groen. Dit gee altyd skaduwee. In die skaduwee van hierdie boom gaan ons onmiddellik oor tot die verkondiging van ons leer vanoggend. Daar waar die regverdige dit saam met die digter van Psalm 1 kan sê – hy wat die wet van die Here dag en nag oordink. Dit is ook wat by Sondag 2 van die Kategismus gebeur.

AMEN

Leerprediking

Sondag 2 V/A 3-5

Vraag 3: Waaruit ken jy jou ellende?

Antwoord: Uit die wet van God.

Vraag 4: Wat eis die wet van God van ons?

Antwoord: Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooe hang die hele wet en die profete.*

Vraag 5: Kan jy dit alles ten volle nakom?

Antwoord: Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.

Ons teksverse om Sondag 2 nader aan ons te bring wil ek weer aansluit by Psalm 1

vanoggend -

Van die welgeluksalige mens staan in vv 2-3

Psa 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

Psa 1:3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.

God ken die weg van die regverdiges, dit was deels ons grootste gedagte by Psalm 1 vanoggend.

Die wet is iets wat dag en nag oordink moet word. Daarmee saam het ons gesê die boom by die

water is gelyk aan die regverdige wat by die Wet van God uitkom. Die water is die afbeelding van God se Wet, die boom is ek en jy, ja ons as mense wat geregverdig is. As die Wet van die Here nie in ons lewens was nie, sou dit dieselfde wees as om te sê die aarde moet sonder die son bestaan. Die Wet en die werking van die wet is dan ook goed te vergelyk met die son en die werking van die son. Die son verwarm ons lewe, dit gee lig, dit gee kleur aan alles, dit maak die lewe leefbaar. Ja, selfs alles wat sleg is, word deur die son verlig, dat dit gesien kan word, en ja, dit wat sleg is word juis deur die warm strale van die son 'n verdere toestand van sleg ingejaag sou die kwaad nie gekeer word nie. Vleis of 'n karkas van 'n dooie dier wat reeds besig is om te verrot laat dit in die son lê, dan vind verrotting net vinniger plaas, sou die son sy strale daarop laat bly brand. Met mense is dit niks anders nie. Vermaan iemand wat vloek juis op grond van die Here se Wet, wat doen so 'n mens baie keer. Hy trek daar los en hy/sy vloek eenvoudig net nog meer om jou uit mekaar uit te wil vloek.

Die Wet maak oop, die Wet lê bloot dit wat daar in die hart leef. Na alles, besef 'n mens, die Here wil dit so hê. Laat dit wat sleg is, dan wel net nog duideliker uitgeken word hoe sleg dit eintlik is.

Wanneer ons dan nou maar die tweede Sondag van die Kategismus oopmaak dan gaan dit oor watter lewe, leef ek. Ek wat 'n ellendige mens is. Jy diagnoseer jouself met die Here se Wet. Jy besef hoe siek jy is, hoe ellendig, hoe haatlik, hoe vuil ek in myself is. Die Wet is dan meer as net die senuwee wat jou op jou geloofsvoete moet ruk, maar dit is ook soos 'n spieël. In 'n spieël kan jy sien hoe vuil of hoe skoon jy is, so sien 'n mens aan die hand van die wet hoe sondig jy is.

Ons kan die werking van die Wet ook vergelyk met soos wanneer jy jou hand op 'n warm stoofplaat sou neersit. As daardie senuweeverbinding tussen brein en hand nie dadelik jou hand waarsku om dit weg te ruk nie, dan sal 'n mens se hand tot 'n swart stompie verbrand sonder om werklik te weet wat het gebeur. Die senuwee wat die gelowige op sy geloofsvoete moet ruk is die Here se Wet. In Deut. 27:26 is daar 'n geweldige kragtige uitspraak- *Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie.* . In Romeine 3:20 dan staan dit duidelik- *Deur die Wet leer 'n mens wat sonde is.* In Romeine 7 dan kom dit nog duideliker deur. In

Romeine 7:7 staan- *Ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.*

Een kant is die Wet aan die werk om vir jou en my ons eie ellende te laat raaksien. Dit is die kenbron van ons ellende, maar dieselfde Wet word ook die reël van ons dankbaarheid. Eenkant maak die Wet dat ek werklik ellendig voel, dit gee my geen rede om te roem nie. Al roemende word die mens dwaas. Paulus het iets hiervan ook aan die Korintiërs geskrywe- 2 Kor. vers 11- *al roemende het ek dwaas geword.* Paulus het al aan die begin van 2 Korintiërs 12 begin om te skryf- *Dit is waarlik nie vir my nuttig om te roem nie...* Tog gebeur hier in Sondag 2 iets ook so mooi. Hier word oor ons ellende gepraat, tot watter haat ons in staat is maar dieselfde Sondag handel oor hoe wonderlik liefde is en kan wees.

Nou besef ons vandag liefde en haat is nie maar net teenoorstaande van mekaar nie. Haat is nie maar net die afwesigheid van liefde nie, nee haat is baie erger, haat is baie meer, haat is die vernietiger van liefde. Waar haat aan die werk is, word liefde uitgeroei. Uit myself kan ek hierdie haatlike proses nie eers na behore ontleed wat so dikwels hom in my hart afspeel nie, wat nog te sê is ek uit myself in staat om hierdie proses te stop. Dit maak ons inderdaad die ellendigste in God se hele skepping. Geen ander dier of skepsel is tot soveel haat in staat as dit waartoe die mens in staat is nie. Wat dit nog erger kan maak as dit wat reeds so erg is, is wanneer die mens dit nie eers weet nie of dit nie wil erken nie.

Dis om vir jou te vra soos die Kategismus dit doen - Ken jy werklik jou sonde en ellende?! As jy dit ken, jy wat by die Wet van God moes uitkom. Ken jy waarlik God se Wet. Dit gaan om baie meer as om net met die 10 Gebooie van die Here besig te wees. Nou kom ons by die hart van die Wet waarmee Sondag 2 duidelik mee besig is. Ons sien Christus raak, Hy wat Wet en Evangelie één gemaak het. As ons die Wet met ons hoor praat dan is dit Christus se stem wat met jou praat.

Jy begin te verstaan hoe lyk hierdie Wet wat in Christus se hande geplaas is. Dan begin jy die Wet in sy regte werking maar ook in sy volle werking te verstaan. Dit sit die liefde aan die werk.

Die werklike eis van die Wet van God het alles met liefde te make. As vir ons gevra word wat eis die Wet van God dan werklik van ons – dan ken ons die antwoord - *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooue hang die hele wet en die profete.* Die Fariseërs was mense van die Wet maar was hulle dieselfde mense wat so van die liefde 'n gemors kon maak. U besef dat vir sulke mense het Christus nie tyd gehad nie. Mense wat weier om in die wet hulleself te spieël maar wat ander mense met hulle wette wou seermaak, en verkleineer en afmaak en eenkant druk en verstoot, asof die Wet gemaak is dat een mens 'n ander daarmee mag afdruk, laer as wat 'n mens reeds is.

Jesus word in Mattheus 9 verkwalik dat Hy met sondaars en tollenaars aan tafel gegaan het. Dan wys die Here die ware werking, die regte werking van die Wet, teenoor hoe Fariseërs die Wet verkeerd wou laat werk. Die Here sê *Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering* (Matt.9:12-13).

Die groot lyn, ja die geweldige spanningslyn tussen haat en liefde waarmee Sondag 2 besig is aan die een kant hoe ons as mense is. Ellendige mense, maar ons mag ook sien hoe God is. God wat in liefde sy liefde net nog méér laat word. Luister na die twee geweldige antwoorde wat God uit die boek Hosea ons vandag mee kan laat afsluit. Hosea 6 staan, vers 6 *Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers.* Lees dit nou saam met Hosea hfst. 11 vers 8- *8 Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Sebóim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek.* God sê aan die einde van vers 8 soos die '83Vertl dit vertaal ... *my liefde brand te sterk ...*

As ons dit hoor begin ons hopelik iets te verstaan wat as heilige spanning by God Self beskryf kon word. God oordeel en Hy straf juis op grond van sy eie Wet, maar op grond van dieselfde Wet, laat God sy liefde saamtrek. Jesus is uit hierdie spanning gebore en word die spanning in

Jesus opgelos. In Jesus trek God se oordeel en liefde saam. Hy is deur God verlaat sodat ons nie verlaat sou word nie. God het die straf wat op ons moet kom, op sy Seun gebring. Daarom is die saamtrek van die Wet in Jesus se mond saamgevat, en alles is een al liefde. *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en die groot gebod. EN die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooue hang die hele wet en die profete.* Dit is hierdie liefde wat wil hê dat ons dan ook vir die Vader sal lewe. Dat ons sy liefde met 'n hartlike wederliefde beantwoord. Dis al wat Hy vra. Liefde! God wat sê dat Hy het 'n behae in liefde en nie in offerandes nie. Oor ons as mense hang egter 'n donker wolk. Dit wat die Kategismus by Sondag 2 laat afsluit met 'n harde en eerlike antwoord- **...ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.**

Na alles, hoe ons God in sy liefde wou aanskou, hoe ons sien watter passie daar by God is om jou genadig te wil wees, raak die belydenis met onself besig. Ken jou ellendige self. Jouself wat 'n haatlike self is. 'n Mens sou seker wou reageer ek is nie só nie? Wie werklik God in sy liefde leer ken, en ons moet juis op hierdie liefde antwoord, dan ontdek ons aan onself ons liefdeloosheid, ons louheid. God se Wet is net één wet en dit is liefde. My wet is die haatwet. Ek is van nature vanweë my sonde geneig om God en my naaste te haat. U kan gerus Romeine 3:9-20 ook lees, daar word die haat uitgespel- *Daar is niemand wat goed doen nie. Almal se kele is soos 'n oop graf. Die gif van adders is onder ons lippe.*

Broeder en suster, dis wat ons belydenis vandag ons wou toon. Ons sondekant, ons ellendekant, ons haatkant en teenoor dit alles God se kant. God wat in liefde hierdie verskriklike haat tegemoet gaan. As u besef hoe groot God se liefde is, maar terselfdertyd hoe groot my sonde en ellende is, en dit is juis God se liefde wat my sonde aan die lig bring, maar ook bring ons ellende God se liefde net duideliker na vore, dan is u reeds in die lig van God se genade. U is reeds die boom geplant by God se waterstrome. Die regverdige wat by God se Wet, die Wet wat liefde is uitgekome het. Daar geplant om daar te groei, vrug te dra, u skaduwee te gee.

AMEN